


Drie finaliste vir Stoetteler van die Jaar

Die algehele wenner word vandeeweek aangewys op die jaarlikse Vleisbeeskool wat deur *Landbouweekblad*, Breedplan en die Lewendehawe Registrerende Federasie (LRF) by Aldam in die Vrystaat aangebied word. Prof. Frikkie Nesor en sy span van die departement vee-, wild- en weidingkunde aan die Universiteit van die Vrystaat, het die beoordeling gedoen. Die finaliste is mnr. Hennie Viljoen, Vlensburg Simmentaler- en Simbrastoetery, Parys, Johan Styger BTB Simmentalers, Klerksdorp, en Christopher Sparks, Mount Olive Brangus, Harrismith.



Mnr. Johan Styger FOTO: VERSKAF

JOHAN STYGER

Johan, wat naby Klerksdorp boer, glo daaraan om dinge reg te doen. Sy Simmentalerkudde het 'n vierster-gradering van Breedplan vir volledigheid van prestasie en spog ook met 'n tussenkalfperiode (TKP) van slegs 379 dae.

Volgens prof. Frikkie Nesor beskou Johan die ekonomiese selfvervanging-voerkraalindeks as 'n onontbeerlike hulpmiddel in sy seleksieprogram, maar hy plaas ook ekstra seleksiedruk op vrugbaarheid en geboortegemak. Poenskoppe wat struktureel korrek, glad van haar is en genoeg

pigment het, kry voorkeur.

Uit hierdie uitmuntende kudde is verlede jaar tien bulle aan kopers oor die hele land verkoop.

Johan sê sy stoetteling is toegespits op vinnige genetiese vordering van die belangrike ekonomiese eienskappe. Die

uitsluitlike doel is om winsgewender, volledige, gemete teelmateriaal aan die beesbedryf beskikbaar te stel.

“Om in die behoeftes van ons bulkopers te voorsien, word die koeikudde bestuur in toestand wat soortgelyk aan dié van kommersiële kuddes met



'n Blik op 'n paar van Johan Styger se Simmentalers. FOTO: VERSKAF